LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad:www.laervolkskool.co.za

_13-01-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 1 VIR 2016

1 **WELKOM TERUG**:

Baie welkom terug aan al ons ouers en leerders na 'n heerlike vakansie. Ons sien uit na die eerste kwartaal en al sy aktiwiteite. Ons weet dat ons op u positiewe gesindheid en ondersteuning kan staatmaak.

2 **WELKOM AAN DIE NUWE ONDERWYSERS**:

Baie welkom aan ons nuwe onderwysers by die skool nl. Juf Monica Naudé (Gr 1M); Juf Gerna van de Venter (Gr 3V) en Juf Michelle Pieterse (Gr 7M).

3 **SNOEPWINKEL**:

Die Beheerliggaam het besluit om self die snoepwinkel te bedryf. Daar gaan dus 'n paar veranderinge plaasvind en ons welkom graag vir Mev Cindy White as Snoepwinkel bestuurder. Ons sal u op hoogte hou. Ons poog om vir ons kinders 'n gesonde spyskaart daar te stel m.b.v. 'N dieëtkundige. Slegs gesonde eetgoed gaan eerste pouse verkoop word en tweede pouse kan die kinders dan lekkernye koop.

4 **OUERDAG**:

Ouers word herinner aan ons ouerdag op Saterdag, 16 Januarie 2016. Ons opening is stiptelik om 09:00, waarna Dr Dirk Odendaal, om 09:15 as gasspreker sal optree.
Algemene reëlings sal aan u deurgegee word en daarna kan u klasse toe beweeg waar u kans gaan kry om vrae te vra oor kwelkwessies. Ons wil ook van die geleentheid gebruik maak om Graad verteenwoordigers te verkies. Ons behoort om 11:00 klaar te wees.
LET WEL: PARKERING IS BESKIKBAAR OP DIE RUGBYVELD.

5 **BLOEDSKENK**:

Ons nooi al ons ouers om asb Saterdagoggend na afloop van die ouerdag, te gaan bloedskenk in die skoolsaal. Soos u weet ondersteun hierdie projek 'n uitstekende doel.

6 **NASKOOLSENTRUM**:

Die Naskoolsentrumleerders moet asb. almal weer inskryf. Vorms is beskikbaar by die naskooltannies en Navrae kantoor.

7 **BELANGRIKE DATUMS VR 2016:**

- 16 Januarie: Ouerdag (Rugbyveld) en Bloedskenk (skoolsaal) vanaf 09:00
- 18 Januarie: Huissport
- 20 Januarie: Atletiek teen Christiaan Beyers - Tuis
- 23 Januarie: Atletiek - Super 8 te D.P. De Villiers
- 27 Januarie: Atletiek teen Van Riebeeckpark - Weg
- 28-30 Januarie: Leierskamp te Mondore Lodge
- 3 Februarie: Atletiek teen Vryheidsmonument - Tuis
- 5 Februarie: Heidelberg Kampioenskappe - Tuis
- 15 Februarie: D7 Kampioenskappe te D.P. De Villiers
- 19 Februarie: Kultuuraand
- 17-21 Oktober: Revue

8 **ATLETIEK 2016**:

KLEREDRAG:

- Maandag trek almal hul spandrag, nl groen of geel/goud t-hemde aan. Atlete wat wel skool-atletiekdrag het, mag daarin deelneem saam met die skoolatletiekbroekie.
- Woensdag trek die atlete, 'n skool-atletiekhemp met 'n groen/swart lang kniehoogte "ski-pants" aan en direk na deelname hulle Volkiebroek bo-oor of hulle skool-atletiekbroekie.
- Saterdag se kleredrag is dieselfde as Woensdag s'n.

MAANDAG, 18 JANUARIE:

Ons jaarlikse Huissport vind plaas op Maandag, 18 Januarie te Hoër Volkskool. Dit is egter 'n gewone skooldag. Die leerders moet asb. reeds ALMAL om 07:45 by die hoërskool afgelaai wees, waar hulle by hul klasonderwyser moet aanmeld. Die leerders mag verdaag by die atletiek dieselfde tyd wat hulle by die skool sou verdaag. ONTHOU: HIERDIE IS 'N GEWONE SKOOLDAG.

Indien dit sou reën, is dit 'n gewone skooldag by ons skool. Die naskoolleerders word terugvervoer skooltoe na afloop van die byeenkoms. Die byeenkoms sal ± 14:30 klaar wees. Ouers kan leerders na afloop van die byeenkoms by Hoër Volkskool kom afhaal. Leerders mag met hulle spandrag skooltoe kom.

WOENSDAG, 20 JANUARIE 2016:

Die skool verdaag om 13:00 en atlete moet asb. 13:30 aanmeld by die pawiljoene van Hoër Volkskool. Byeenkoms begin 14:00 tot 18:00. Al ons leerders word uitgenooi om van 14:00 tot 16:00 te kom saam sing, soos net ons Volkies kan, in Volkiedrag.

SUPER 8:

Saterdag, 23 Januarie neem ons deel aan die Super 8 Atletiek te Ruimsig. Finale reëlings sal deurgegee word in Woensdag se Omsendbrief aan atlete wat deelneem.

9 **SKOOLUITKOMTYE**:

Skool begin daagliks om 07:25. Maandag tot Donderdag verdaag:

..... die Gr RR, R, 1 & 2 - om 12:50

..... die Gr 3's - om 13:15

..... die Graad 4-7 - om 13:45

..... LSEN leerders soos gereël om 12:50 en Gr 3 om 13:15

Vrydag verdaag die skool om 13:15.

LET WEL: DIE GRAAD 1 LEERDERS SAL TOT VRYDAG OM 12:00 VERDAAG.

10 **VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE:**

Ouers wat belangstel om aansoek te doen vir vrystelling van skoolfonds, moet asb. **PERSOONLIK** die vorms by Mev Elna Lecordeur in die Finansieskantoor kom **AFHAAL EN INHANDIG** voor einde Februarie 2016. Vorms gaan nie aan die leerders uitgedeel word nie. Ouers wat leerders in pleegsorg het of deur die hof in pleegsorg geplaas is, moet ook asb. vir rekorddoeleindes 'n vrystellingsvorm invul. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

11 **SKOOLGELDE VIR 2016:**

Gr. R en RR - 7:

- 1ste kind - R770 p.m. vir 11 maande = R8 470
- 2de kind - R660 p.m. vir 11 maande = R7 260
- 3de kind - R560 p.m. vir 11 maande = R6 160
- 4de kind - Gratis

<table>
<tr><th colspan="2">EENMALIGE BETALING</th><th>DEBIETORDER (11 maande)</th></tr>
<tr><td>Voor
31 Desember 2015</td><td>Voor
1 Maart 2016</td><td>Vanaf 1 Januarie 2016 tot
30 November 2016</td></tr>
<tr><td rowspan="3">10 %
1ste = R7 623
2de = R6 534
3de = R5 544</td><td rowspan="3">5 %
1ste = R8 047
2de = R6 897
3de = R5 852</td><td>5 %
(1ste kind = R732 p/m)</td></tr>
<tr><td>5 %
(2de kind = R627 p/m)</td></tr>
<tr><td>5 %
(3de kind = R532 p/m)</td></tr>
</table>

- Betaal volle 2016 skoolgeld voor 31 Desember 2015 en kry 10% korting.
- Elektroniese betalings kan ook gedoen word.

  ABSA Heidelberg
  Reknaam: Volkskool Skoolfonds
  Reknommer: 500940034
  Takkode: 334143
  Verwysingsnommer:
  (Rekeningnommer op die staat of u kind se naam en graad)
- Betaal volle 2016 skoolgeld voor 1 Maart 2016 en kry 5% korting.
- Betaal per debietorder en kry 5% afslag en betaal oor 11 maande.

LALIE BOEKE:

Die Graad 1-3 leerders ontvang 'n ekstra werkboek vir R120 wat by die kantoor betaalbaar is.

12 **KULTUURAAND**:

Neem kennis van 'n Kultuuraandvergadering wat gehou word op 19 Januarie om 18:00 in die personeelkamer.

Datum: 19 Februarie 2016 Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Poortjie saal Drag: Formeel
Gaskunstenaars: Kevin Leo en Jakkie Louw Koste: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

13 **KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL**:

Kommunikasie na ons ouers geskied op die volgende wyses:

- Skool se webwerf is www.laervolkskool.co.za
- School Communicator link - www.school-communicator.com/download.php. Kies die skool - Laer Volkskool Heidelberg en volg die instruksies vir u rekenaar/ smartfoon.
- Ons Facebook-adres is:
  http://www.facebook.com/pages/Laer-Volkskool-Heidelberg/114981885345721
- Indien u verkies om die skool omsendbriewe per epos te ontvang, stuur asb u kind/ers se naam en graad per epos na chrisnameyer@laervolkskool.co.za

14 **HUISWERKBOEKIES**:

Leerders ontvang 'n huiswerkboekie waarvoor hulle asb. R10 moet inbetaal. Hierdie huiswerkboekies MOET ELKE DAG by die skool wees vir kontrole en inskrywings.
Alle belangrike inligting, is opgeteken in die hierdie uitstekend saamgestelde boekie.

15 **UITTEKEN VAN LEERDERS:**

Ouers word dringend versoek om nie leerders onnodig uit te teken nie. Leerders is volgens die Skolewet verplig om die HELE dag by die skool te wees, nie eers die hoof, Mnr Piet, mag 'n kind verskoon nie.

16 **REVUE 2016:**

Ons hou hierdie jaar Revue vanaf 17-21 Oktober 2016. Die koste verbonde is R150 vir die kostuums, ens. U kan hierdie gelde by die klasonderwysers inbetaal. Oefening begin in die 2de kwartaal.

Volkiegroete



P. STRYDOM
HOOF

Visie:
Ons neem 'n gelukkige kind m.b.v. Bybelse norme en waardes, dissipline en positiewe samewerking na die kruin van sukses!

Missie:
Ons streef na:
* Kultuur van uitnemende onderwys
* Gesonde finansiële bestuur
* Effektiewe kommunikasie tussen alle vennote
* Optimale bestuur van infrastruktuur
* Effektiewe uitdra van 'n positiewe, dinamiese beeld
* Algehele ouerbetrokkenheid

"Vir God en Vaderland"